Uit die koers van verandering van die belangrikste poste van die verbruikersprysindeks, aangegee in die bygaande tabel, is dit duidelik dat die pryse van dienste, voedsel, en aankoop van voertuie, wesenlik tot die skerp styging in pryse bygedra het. Die koers van toename in voedselpryse het gedurende 1972 aanmerklik versnel, hoofsaaklik as gevolg van tydperke van strawwe koue gedurende die winter en droogtetoestande in die somer, wat die pryse van vrugte, groente en vleis beïnvloed het. Vanaf Desember 1971 tot Desember 1972 het die pryse van groente, byvoorbeeld, met 23,7 persent, en dié van vleis met 17,3 persent, toegenem. In totaal het die styging in voedselpryse 2,0 persentasiepunte tot die toename van 7,4 persent in verbruikerspryse bygedra.

Behuisingskoste het 1,7 persentasiepunte tot die styging van 7,4 persent in verbruikerspryse bygedra, sodat voedselpryse en behuisingskoste gesamentlik vir die helfte van die styging in die verbruikersprysindeks verantwoordelik was. Huis- en woonstelhuur, huiseienaarskoste en bediendelone is die hoofkomponente van behuisingskoste.

'n Verdere faktor wat nie in die verbruikersprysindeks geïdentifiseer kan word nie, maar wat klaarblyklik tot die styging in verbruikerspryse bygedra het, is die styging in die pryse van ingevoerde goedere as gevolg van die devaluasie van die rand en die veranderinge in ander wisselkoerse, asook die hoë koers van wêreldinflasie wat aanhoudend die koste van ingevoerde goedere verhoog. Dit word beraam dat hierdie faktor vir omstreeks 2 persentasiepunte van die styging van 7,4 persent in verbruikerspryse gedurende 1972 verantwoordelik was. In geheel kan 5,7 persentasiepunte van die styging in verbruikerspryse van 7,4 persent gevolglik by benadering aan genoemde drie faktore toegeskryf word, wat slegs 1,7 persent oorlaat vir die styging in alle ander pryse.

Die belangrike bydrae wat pryse van ingevoerde en landbouprodukte tot prysstygings gemaak het, is ook duidelik uit die bygaande tabel wat die stygings in die verskillende komponente van die groothandelsprysin-

Groothandelspryse

Persentasiekoerse van verandering in seisoens-aangesuiwerde indekse

	Des. 1971 tot Des. 1972	Gemiddeld 1971-1972
Goedere geproduseer in Suid-Afrika:	9,5	7,0
Landbou, bosbou en vissery	16,3	10,2
Fabriekswese	7,9	6,1
Ander	13,4	10,8
Ingevoerde goedere	14,4	12,2
Totaal	10,6	8,1

deks aantoon. Gedurende Januarie 1973 het verdere skerp stygings in die pryse van ingevoerde goedere en landbouprodukte tot 'n verdere versnelling in die koers van toename van die groothandelsprysindeks bygedra.


Betalingsbalans

Opmerklike verbetering in die betalingsbalans


Een van die beleidsdoelstellings vir 1972 was om die betalingsbalans te verbeter. Hierdie oogmerk is bereik en die totale betalingsbalanstekorte van R286 miljoen in 1970 en R239 miljoen in 1971 het verander na 'n oorskot van R405 miljoen in 1972.

'n Aansienlike verbetering in die lopende rekening was grotendeels vir die verbetering in die totale betalingsbalans gedurende 1972 verantwoordelik. Die rekord tekort van R976 miljoen in 1971 is verminder tot 'n tekort van slegs R97 miljoen in 1972. Hierdie aansienlike verbetering in die lopende rekening was die

Lopende rekening van die betalingsbalans




Betalingsbalans



resultaat van 'n skerp toename in goedere-uitvoere en in die netto goudproduksie, en 'n geringe afname in goedere-invoere en netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld.

In teenstelling met 'n swak vertoning van goedere-uitvoere gedurende die voorafgaande drie jare, het dit in 1972 met nie minder nie as 36 persent toegeneem. Alhoewel gunstige toestande op internasionale kommoditeitsmarkte en die algemene herskikking van wisselkoerse in Desember 1971 tot 'n aansienlike toename in die eenheidswaarde van uitvoere gelei het, was 'n skerp toename in die volume van uitvoere vir die grootste gedeelte van die buitengewone groot styging in die waarde van uitvoere verantwoordelik. Die waarde van die meeste uitvoergoedere het gedurende 1972 toegeneem maar skerp toenames is veral aangeteken in die uitvoer van diamante, suiker, mielies en wol. Uit 'n klassifikasie van uitvoere volgens stadium van produksie vir die eerste nege maande van 1972 is dit ook bemoedigend om op te merk dat skerp stygings in die uitvoer van vervaardigde goedere, grondstowwe en

Goedere-uitvoere volgens stadium van vervaardiging



halfvervaardigde goedere van landbou-oorsprong voorgekom het terwyl uitgevoerde goedere van mynbou-oorsprong, met die uitsondering van diamante, oor dieselfde tydperk slegs matig toegeneem het.

Persentasietoename in volume en eenheidswaarde van invoere en uitvoere

Eerste 10 maande van:	Uitvoere (uitgesonderd goud)		Invoere	
	Volume	Eenheids- waarde	Volume	Eenheids- waarde
1971	0,3	-5,6	12,9	2,7
1972	21,4	8,6	-17,1	17,0

Nadat goedere-invoere vanaf 1968 tot 1971 teen 'n baie vinnige koers toegeneem het, het dit gedurende 1972 met 2,5 persent gedaal. Hierdie afname het plaasgevind ondanks 'n aansienlike toename in die pryse van Ingevoerde goedere vanweë die depresiasie van die rand en die betreklik hoë inflasiekoerse wat deur die meeste van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote ondervind is. Die afname in invoere is derhalwe geheel-en-al toe te skryf aan 'n skerp afname in die volume van invoere. Groot afnames in die invoere van minerale en chemiese produkte is aangeteken, terwyl die invoere van basiese metale en masjinerie en elektriese toerusting gedurende die jaar toegeneem het. Uit 'n klassifikasie van invoere volgens stadium van gebruik blyk dit dat die invoer van verbruikersgoedere gedurende die eerste nege maande van 1972 aansienlik gedaal het, terwyl die invoer van kapitaal- en inter-mediêre goedere slegs 'n matig dalende neiging getoon het.

Gedurende 1972 het die netto goudproduksie nie minder nie as R1162 miljoen bedra, d.w.s. 'n toename van 26 persent, vergeleke met 10 persent gedurende 1971. Die toename in die netto goudproduksie kan toegeskryf word aan 'n skerp styging in die goudprys op die private mark en het voorgekom niesteenstaande 'n verdere afname in die fisiese volume van die goudproduksie. Netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het gedurende 1972 effens afgeneem, hoofsaaklik vanweë 'n laer koers van toename in betalings vir dienste.

Nadat die saldo op lopende rekening vir ses opeenvolgende kwartale vanaf 'n tekort teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1 505 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1971 tot 'n surplus van R371 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1972 verbeter het, het dit gedurende die vierde kwartaal verswak en is 'n tekort van ongeveer R300 miljoen aangeteken. Hierdie verswakking in die saldo op lopende rekening kan hoofsaaklik aan die onreëlmatige verloop van invoere as gevolg van die dokstakings in die Verenigde Koninkryk toegeskryf word. Invoere was baie laag gedurende September, maar het gedurende Oktober en November aansienlik toegeneem voordat dit weer

gedurende Desember 1972 effens afgeneem het. Uitvoere het ook gedurende die vierde kwartaal effens afgeneem.

Verdere groot netto invloeiing van kapitaal

Alhoewel aansienlik kleiner as die rekord netto invloeiing van R737 miljoen gedurende 1971, is 'n verdere relatief groot netto invloeiing van kapitaal ten bedrae van R502 miljoen gedurende 1972 aangeteken. Soos die bygaande tabel aantoon, was die kapitaalinvloeiing na sowel die private sektor as die sentrale regering en banksektor gedurende 1972 laer as gedurende 1971. In die geval van die sentrale regering en banksektor was dit hoofsaaklik toe te skryf aan terugbetalings van buitelandse lenings, terwyl die laer syfer vir die private sektor die gevolg was van 'n verandering vanaf 'n aansienlike netto invloeiing in 1971 na 'n netto uitvloeiing in 1972 van korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies. Hierdie verandering kan toegeskryf word aan faktore soos stygende rentekoerse in die buiteland, die volgehoue verbetering van binne-landse kapitaalmarktoestande, en 'n dalende neiging in goedere-invoere. Alhoewel die invloeiing van kapitaal deur die effektebeurs in 1972 hoër was as in 1971, is geen invloeiing gedurende die tweede helfte van 1972 aangeteken nie ná die instelling van valutabeheerbeperkings op portefeuljebeleggings deur die Verenigde Koninkryk op 23 Junie 1972. Ander langtermynkapitaal het voortgegaan om 'n toename te wys.

Netto invloeiing van kapitaal, 1971 en 1972

R miljoene

	1971	1972
Private sektor	540	418
Netto buitelandse aankope op		
Johannesburgse Effektebeurs	90	121
Langtermynlenings van openbare		
korporasies en plaaslike owerhede	134	190
Ander langtermynkapitaal	77	178
Korttermynkapitaal insluitende foute en		
onaangetekende transaksies	239	-71
Sentrale regering en banksektor	197	84
Langtermynlenings van die sentrale		
regering	149	110
Ander	48	-26
Totaal	737	502

Aansienlike toename in goud- en ander buitelandse reserwes

Die netto resultaat van die klein tekort op lopende rekening en die groot netto kapitaalinvloeiing was 'n aansienlike toename van R405 miljoen in die goud- en ander buitelandse reserwes as gevolg van betalings-balanstransaksies. As die derde toekenning van spesiale trekkingsregte en waardasie-aansuiwerings in berekening gebring word, het die totale goud- en ander buitelandse reserwes gedurende 1972 met R439 miljoen toegeneem om 'n vlak te bereik van

R1090 miljoen aan die einde van Desember, waarvan R937 miljoen deur die Reserwebank gehou is.

Ontwikkelings gedurende Januarie en Februarie 1973

Gedurende die eerste twee maande van 1973 het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R62 miljoen gestyg tot 'n peil van bykans R1 000 miljoen aan die einde van Februarie. Daarna het dit met 'n verdere R75 miljoen tot R1074 miljoen op 16 Maart 1973 gestyg. Volgens die maandelikse buitelandse handelstatistiek van die Departement van Doeane en Aksyns het die handelsbalans gedurende die eerste twee maande van die jaar verswak, hoofsaaklik vanweë 'n skerp styging in die goedere-invoer. Nadat dit in Desember die betreklik lae syfer van slegs R2 633 miljoen bereik het, het goedere-invoere, ná uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarkoers, tot R3 214 miljoen in Januarie tot R3 420 miljoen in Februarie gestyg. Die goedere-uitvoer het gedurende die eerste twee maande van die jaar voortgegaan om te styg.

In die internasionale monetêre sfeer is die begin van 1973 gekenmerk deur 'n afwesigheid van vertroue in die V.S.A.-dollar. Die Amerikaanse regering het gevolglik op 12 Februarie 'n devaluasie van die dollar met 10 persent aangekondig. Met die oog op die hoë peil van die goud- en ander buitelandse reserwes, het die Suid-Afrikaanse Regering besluit om die huidige pariteit van die rand in terme van goud te behou. Teen die einde van Februarie het die dollar weer onder druk gekom en is die valutamarkte vanaf 2 tot 19 Maart 1973 gesluit. Vanaf 19 Maart het die geldeenheid van ses van die EEG lande gesamentlik teen die dollar gesweef en die Suid-Afrikaanse Regering het weer eens besluit om die pariwaarde van die rand in terme van goud onveranderd te laat en om aan te hou om wisselkoerse in terme van dollars te kwoteer.

Monetêre en banktoestand

Aansienlike toename in geld en kwasi-geld

Die hoeveelheid geld en kwasi-geld het gedurende 1972 teen 'n veel hoër koers toegeneem as gedurende die voorafgaande twee jaar, nl. met byna 14 persent teenoor ongeveer 5½ en 7 persent gedurende 1970 en 1971, onderskeidelik. In absolute syfers was die toename van R586 miljoen gedurende 1972 tweemaal so groot as die toename wat gedurende 1971 aange-teken is.

Soos die bygaande tabel toon, is die grootste kwartaallikse toename in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal van 1972 aangeteken. Die daling in die koers van toename gedurende die vierde kwartaal was hoofsaaklik 'n weerspieëling van 'n veel kleiner styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes. Gedurende Januarie 1973 het die hoeveelheid geld en kwasi-geld voortgegaan om teen ongeveer dieselfde koers as in die vierde kwartaal van 1972 te styg.

Toenames in geld en kwasi-geld
Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

	%
1972 – 1ste kwartaal	8,5
– 2de kwartaal	12,0
– 3de kwartaal	18,4
– 4de kwartaal	13,2

As die styging in binnelandse pryse in aanmerking geneem word, was die styging in die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende 1972 nie buitensporig groot nie. Dit blyk uit die feit dat die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binne-landse produk teen heersende markpryse, alhoewel dit gedurende die vierde kwartaal van 1972 effens gestyg het, in werklikheid vanaf 29,4 persent gedurende die vierde kwartaal van 1971 tot 28,7 persent in die vierde kwartaal van 1972 gedaal het. Bowendien wil dit voorkom of die huidige peil van hierdie verhouding nog steeds beduidend onder die langer-termyn-neiging is.


Oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld

Die skerp toename in geld en kwasi-geld gedurende 1972 is hoofsaaklik veroorsaak deur die aansienlike styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes, vergesel van 'n matige styging in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regering en 'n betreklik groot toename in bankkrediet aan die private sektor. Die positiewe bydrae tot die hoeveelheid geld en kwasi-geld van hierdie oorsaaklike faktore is egter in 'n groot mate deur 'n styging in langtermyndeposito's teengewerk. Laasgenoemde het gedurende 1972 met die rekordbedrag van R375 miljoen, of 47 persent, toegeneem.





Die styging in die netto buitelandse reserwes van die banksektor het gedurende die jaar R464 miljoen be-loop, waarvan nie minder nie as R357 miljoen gedurende die tweede en derde kwartale aangeteken is. Die gevolglike toename in die beskikbaarheid van fondse het ook bygedra tot verbeterde moontlikhede vir die regering om te leen uit nie-bank-bronne. Terwyl die eise van die banksektor teen die regering gedurende 1972 met nie minder nie as R337 miljoen toegeneem het, het regeringsdeposito's met R251 miljoen gestyg (die eerste jaarlikse styging daarvan sedert 1968), sodat die *netto* bankkrediet aan die regering gedurende die jaar met minder as R90 miljoen toegeneem het. Wanneer seisoensfaktore in ag geneem word, was daar 'n daling in netto bankkrediet aan die regering gedurende die vierde kwartaal van 1972.

Bankkrediet aan die private sektor het gedurende die jaar met R449 miljoen of 11,6 persent toegeneem. Waarskynlik gedeeltelik as 'n weerspieëling van die verhoging in September en afskaffing in November 1972 van die kredietplafonne, is nie minder nie as R388 miljoen van hierdie toename gedurende die

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



tydperk van vyf maande vanaf Augustus tot Desember 1972 aangeteken. Verreweg die grootste deel van laasgenoemde styging is op sy beurt verklaar deur verhoogde diskonteringe en voorskotte van handelsbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke. In teenstelling met die ontwikkeling gedurende 1971, het die kaskrediete van die Landbank gedurende die jaar betreklik min verandering getoon.

Oorskot-banklikwiditeit

Die gemiddelde oorskot-likwiede bateverhouding van handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke was gedurende 1972 opmerklik hoër as gedurende die voorafgaande twee jaar en het 4,9 persent beloop teenoor 3,4 persent gedurende 1971. Die 1972-verhouding sluit die invloed in van die gewysigde definisie van likwiede bates en verwante wysigings van die Bankwet wat sedert 1 November 1972 van krag is.

Oorskot-likwiede bateverhoudings


	Handelsbanke	Aksepbanke	Ander monetêre banke	Totaal
	%	%	%	%
Jaarlikse gemiddelde				
1972	5,2	4,3	4,3	4,9
Januarie 1973	4,9	3,2	4,6	4,7

Gedeeltelik as 'n weerspieëling van normale seisoensneigings, het die oorskotlikwiditeitsverhoudings, soos op die nuwe basis bereken, gedurende Desember opmerklik gestyg en daarna in Januarie 1973 weer gedaal.

Geldmarktoestand en rentekoerse

Die skerp en volgehoue styging in die netto goud- en ander buitelandse reserves in 1972 het ook bygedra tot 'n verruiming van die toestand op die geldmark en 'n daling in korttermynrentekoerse gedurende die jaar. Die skatkiswissel-tenderkoers het per saldo gedaal vanaf 5,96 persent aan die einde van 1971 tot 5,20 persent onmiddellik voor, en 4,78 persent onmiddellik ná, die verlaging van die Bankkoers vanaf 6½ tot 6 persent op 10 Augustus. Ná 'n tydelike styging gedurende September, het die koers gedurende die vierde kwartaal van 1972 en die begin van 1973 aangehou om betreklik gelykmatig te daal tot op 4,20 persent op 9 Februarie 1973. Die meer wisselvallige koerse op bankaksepte van drie maande en VDS e van 90 dae het op soortgelyke wyse gedaal vanaf 8½–8¾ persent aan die einde van 1971 tot onder 6 persent ná die verlaging van die Bankkoers en tot net meer as 5 persent in middel-Januarie 1973. Vanaf die tweede helfte van Januarie 1973 het die toestand op die geldmark aansienlik vernou as gevolg van die seisoenale vloed van fondse na die Tesourie.

Korttermynrentekoerse



Ná die Bankkoersverlaging in Augustus is die minimum- en prima-uitleenkoerse van die handelsbanke verlaag vanaf $8\frac{1}{2}$ tot 8 en vanaf 9 tot $8\frac{1}{2}$ persent, onderskeidelik. Die depositorentekoerse van die banke het ook ietwat gedaal vanaf die peil wat ten tyde van die instelling van rentekoersbeheer aan die einde van Maart 1972 bestaan het. So is koerse op kennisgewingdeposito's van tot by 91 dae by die handelsbanke in Januarie 1973 gekwoteer as tot op 5,5 persent; die koers op vaste deposito's van 6 maande as $6\frac{1}{4}$ persent; en die koers op deposito's van 12 maande as 7 persent.

Staatsfinansies

Inkomste en uitgawes

Soos in bygaande tabel aangetoon word, het openbare owerhede, d.w.s. die sentrale, provinsiale en plaaslike vlakke van regering gesamentlik, nie slegs daarin geslaag om gedurende 1972 die koers van toename in hul totale uitgawes op finale goedere en dienste aansienlik te verlaag nie, maar ook die samestelling van hulle totale besteding op so 'n wyse verander dat voorkeur verleen is aan kapitaalluitgawes op infrastrukturele ontwikkeling ten koste van kapitaalluitgawes op nie-infrastrukturele skemas en verbruiksbesteding. So het verbruiksbesteding gedurende 1972 met minder as 'n kwart van die koers van styging in 1971 toegeneem, nie-infrastrukturele kapitaalluitgawes het 'n klein toename getoon teenoor 'n styging van 20 persent in 1971, terwyl die koers van toename in kapitaalluitgawes op die verskillende infrastrukturele ontwikkelings toegeneem of hoog gebly het.

Persentasieverandering in besteding deur openbare owerhede

	1971	1972
Verbruiksbesteding	19	4
Vaste investering:		
Infrastrukturele ontwikkeling:		
Suid-Afrikaanse Spoorweë	56	48
Poskantoor en ander kommunikasie-dienste	49	23
Ander	18	25
Totaal	33	33
Nie-infrastrukturele ontwikkeling	20	4
Totale besteding	22	14

Beskikbare gegewens oor inkomste ontvang gedurende die eerste nege maande van die huidige fiskale jaar op die Skatkisrekening alleen dui daarop dat lopende inkomste moontlik hoër kan wees as wat in die 1972/73-Begroting verwag is. Dit is veral merkbaar ten opsigte van inkomstebelastingontvangste en dit wil voorkom of die totale tekort (uitgesonderd lenings) derhalwe heelwat benede die peil kan wees wat deur die Minister verwag is, mits totale uitgawes nie wesenlik afwyk van die oorspronklike Begrotingsramings nie.

Gesonde finansiering van Skatkisrekening-tekort

Gedurende die 1972 kalenderjaar, was die tekort op die skatkisrekening nie alleen ongeveer R100 miljoen laer as in 1971 nie, maar die wyse waarop die Tesourie in staat was om die tekort te finansier was ook meer gesond. Die bygaande tabel toon dat aansienlik minder van die banksektor geleen is, die afhanklikheid van buitelandse lenings is merkbaar verminder, terwyl plaaslike lenings van private nie-banksektor bronne terselfdertyd aanmerklik verhoog is, hoofsaaklik as gevolg van 'n gunstige reaksie op die uitgiftes van staatseffekte.

Skatkisfinansies

R miljoene

	Jare geëindig 31 Desember	
	1971	1972
Totale tekort (uitgesonderd lenings)	-845	-747
Finansiering:		
Verandering in netto skuldposisie teenoor:		
Buitelandse sektor	132	92
Private nie-banksektor:		
Leningsheffings	117	80
Ander	145	467
Totaal	261	548
Staatskuldkommissarisse	122	49
Sub-totaal	515	689
Monetêre banksektor	330	57
Totale finansiering	845	747

Die gunstige ontwikkeling in skatkisfinansies is sedert Desember 1972 voortgesit toe skatkisdeposito's verder toegeneem het en die Tesourie in staat gestel het om aansienlike bedrae na die Stabilisasie-rekening oor te plaas. Bowendien dui staatsfinansie-statistiek, wat reeds vir die eerste nege maande van die huidige fiskale jaar beskikbaar is, op gunstige finansieringsbedrywighede vir die fiskale jaar 1972/73 as 'n geheel. Vir die fiskale jaar in sy geheel sal die Skatkis waarskynlik minder van die buiteland en die banksektor hoef te leen en heelwat meer van die private nie-banksektor. Inderwaarheid het inskrywings deur die private nie-banksektor vir nuwe effekte-uitgiftes tot die einde van Februarie 1973 alreeds die begrote bedrag van R180 miljoen met R59 miljoen oorskry.

Bouverenigings

Bouverenigings het in 1972 'n rekordjaar ondervind sowel ten opsigte van die invloeiing van fondse as die toestaan van voorskotte, soos in die bygaande tabel aangetoon word.

Bouverenigings

	Netto invloeiing van fondse		Toenames in uitstaande voorskotte en lenings		Nuwe voorskotte toegestaan
	R milj.	% toename*	R milj.	% toename*	R milj.
1970	451	18,5	375	18,0	740
1971	329	11,4	342	13,9	583
1972	493	15,3	371	13,3	871
1971: 4de kw.	66	—	71	—	142
1972: 1ste kw.	78	—	64	—	145
2de kw.	111	—	74	—	208
3de kw.	192	—	105	—	262
4de kw.	112	—	128	—	256

*In verhouding tot die totaal aan die einde van die vorige jaar.


Die groot invloeiing van fondse na bouverenigings ten bedrae van bykans R500 miljoen het plaasgevind ten spyte daarvan dat die bouverenigings op 18 Augustus 1972 'n verlaging in hul leenkoerse aangekondig het. Die bouverenigings het ook op 1 Februarie 1973 besluit om die heersende verbandkoers op woonhuise met 'n ¼ persent tot 8¾ persent te verlaag.

Kapitaalmark

Die toestand in die kapitaalmark het gedurende 1972 aansienlik verbeter. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte is derhalwe in twee stappe verlaag vanaf 8½ tot 8¼ persent in Augustus en tot 8⅙ persent in September 1972. Die mark vir vaste-rentedraende effekte het dermate verruim dat die koerse wat op semi-prima-effekte gekwoteer word, met omtrent 1 persent tot 8,4 persent aan die einde van die jaar afgeneem het. Dit het die gaping tussen die opbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte tot 'n baie klein marge vernou, naamlik tot slegs ongeveer ¼ persent, vergeleke met 'n gemiddelde gaping van 0,65 persent gedurende die afgelope dekade.

Die aandelemark het ook gedurende 1972 verder verbeter en die omset sowel as aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs het aansienlik gestyg. 'n Toename van 55 persent het in die saamgestelde prysindeks van alle klasse aandele voorgekom. Die dividendopbrengskoers op nie-mynaandele het verder afgeneem tot 'n gemiddelde van 3,8 persent aan die einde van Desember 1972 met die gevolg dat die omgekeerde rendementsgaping tussen hierdie opbrengskoers en dié op langtermynstaatseffekte met meer as 1 persent tot 4,3 persent vergroot het.

Bouverenigings



Verklarings insake pari-waarde van die rand

Uitgereik deur Sy Edele die Minister van Finansies, Dr. N. Diederichs

13 Februarie 1973

Die Regering het kennis geneem van die verklaring van mnr. George Schultz, Sekretaris van die Tesourie van die Verenigde State van Amerika, dat die V.S.A. dollar met 10 persent gedevalueer gaan word en dat die Japanese jen toegelaat sal word om te sweef; verder dat die pari-waardes van die Wes-Duitse mark en die Franse frank onveranderd sal bly en dat dit verwag word dat die Britse pond, die Kanadese dollar en die Switserse frank sal voortgaan om te sweef.

In die lig van hierdie verwickelinge het die Regering die posisie van die Suid-Afrikaanse rand oorweeg en, na die gebruikelike oorleg met die ander lede van die Rand Monetêre Gebied, besluit dat die pari-waarde van die rand onveranderd sal bly.

Vanaf môre, 14 Februarie 1973, sal die Suid-Afrikaanse Reserwebank weer bereid wees om aankoop- en verkooptransaksies in V.S.A. dollar aan te gaan teen die nuwe koerse wat môre-oggend bekend gemaak sal word.

'n Meer volledige verklaring oor die implikasies van hierdie besluit sal later vandag uitgereik word. (Kyk verklaring hieronder).

13 Februarie 1973

Die Smithsonian Ooreenkoms van 21 Desember 1971 het 'n algemene herskikking van wisselkoerse tot gevolg gehad—o.a. het die Verenigde State van Amerika die dollar met 7,89 persent gedevalueer en Suid-Afrika die rand met 12,28 persent.

Laat in Junie verlede jaar is die Britse pond toegelaat om te sweef en het Suid-Afrika om goeie redes besluit om die rand aan die pond gekoppel te laat bly. Gaandeweg het dit egter duidelik geword dat die dalende vlakke van die pond sterling nie met die verbeterde posisie van die rand versoen kon word nie, en is daar gevolglik op 24 Oktober 1972 besluit om die rand na 'n nuwe vaste pari-waarde te laat terugkeer, ongeveer 4 persent hoër as die vlak van swewing, maar 4,202 persent laer as die Desember 1971 pari-vlak.

Die herhalende tekorte op die Amerikaanse handels- en betalingsbalans, en veral die onlangse bekendmaking van 'n besonder groot tekort vir die jaar 1972 as geheel, het aanleiding gegee tot groot spekulatiewe kapitaalbewegings en die dollar onder hewige druk geplaas.

Die Amerikaanse Regering het gevolglik, nadat noodsettings saam met die belangrikste handelslande gedurende die naweek gehou is, besluit om die V.S.A. dollar met 10 persent te devalueer. Die Japanese jen sal toegelaat word om te sweef, die pari-waardes van die Duitse mark en Franse frank bly onveranderd, terwyl dit verwag word dat die Britse pond, die Kanadese dollar en die Switserse frank sal voortgaan om te sweef.

Die Kabinet het vanoggend die posisie van die Suid-Afrikaanse rand deeglik in oënskou geneem en, na die gebruikelike oorleg met Botswana, Lesotho en Swaziland—die ander drie lede van ons Rand Monetêre Gebied—besluit om die pari-waarde van die rand onveranderd te laat. Die redes vir hierdie besluit lê daarin dat Suid-Afrika tans 'n besondere sterk betalingsbalansposisie handhaaf met rooskleurige vooruitsigte. Verder het die Reserwebank se reserwes aan goud en ander buitelandse betaalmiddele sterk gestyg en hulle styg nog steeds. 'n Vlak van byna R1 000 miljoen is verlede Vrydag bereik, terwyl totale reserwes R1 100 miljoen oorskry. Hierdie feite, tesame met die gesonde ekonomiese vooruitsigte vir 1973 en daarna, het almal daarop gedui dat die Suid-Afrikaanse rand sy pariteit moet behou.

Die besluit tot onveranderde pariteit sal dan ook verskillende belangrike gevolge hê. Eerstens, natuurlik, sal ons invoere vanuit die V.S.A., asook uit ander lande wat saam gedevalueer het, goedkoper word en sal dit 'n belangrike bydrae lewer tot die bekamping van prysstygings van ingevoerde goedere en gevolglik van die algemene koers van inflasie. Japanse goedere sal egter moontlik effens duurder word.

Aan die uitvoerkant sal die randopbrengs van ons dollar-uitvoere daal. Wat die goudmynbedryf betref, egter, hoewel die amptelike dollarprys van goud styg van \$38 na \$42,22 per fyn ons, bly die amptelike randprys nogtans vas op R29,75 per fyn ons. Aangesien die private markprys in dollars uitgedruk word, sal die randopbrengs per fyn ons goud van sulke verkope, egter laer wees as voorheen (d.w.s. in die mate wat dit nie teëgewerk word deur 'n verdere styging van die prys op die private mark nie). Die relatief hoë en stewige private markprys het in elk geval ons goudmynbedryf reeds aansienlik bevoordeel.

Wat Suid-Afrika se buitelandse leningsverplichtings betref, beteken die besluit dat lenings in V.S.A. dollars uitgedruk nou minder rand vir rente- en delgingsbetalings sal vereis en ons dollarskuld word dus dien-ooreenkomstig verlaag.

Ek wil dit graag hier beklemtoon dat Suid-Afrika sy besluit vanuit 'n posisie van sterkte geneem het. Inderwaarheid het die V.S.A. dollar sedert Desember 1971 meer as die rand gedevalueer. Verder het die onlangse gebeurtenisse weereens die kalklig laat val op die ongetwyfelde kernrol wat goud, teen 'n realistiese prys, moet speel in toekomstige monetêre besprekings en besluite.

Ek vertrou dat die nuwe en meer aanvaarbare vlak van die V.S.A. dollar nou daartoe sal bydra dat daar later vanjaar in 'n veel kalmer atmosfeer wyse besluite oor die oplossing van internasionale monetêre vraagstukke geneem sal word.

18 Maart 1973

Gedurende die afgelope aantal weke is die internasionale monetêre toestand weer eens deur groot spekulatiewe kapitaalbewegings en ingrypende veranderings in wisselkoerse gekenmerk. Die besluit van 12 Februarie om die V.S.A. dollar met 10 persent in terme van goud te devalueer en die Japanese jen opwaarts te laat sweef, het geblyk onvoldoende te wees om die spekulasie te laat bedaar en vertroue te herstel. Vanaf 2 Maart moes die vernaamste valutamarkte onder die druk van nuwe spekulatiewe kapitaalbewegings vir meer as twee volle weke gesluit bly, terwyl die EEG-lande en die ander lede van die Groep van Tien uitgebreide samesprekings oor moontlike oplossings vir die krisis gevoer het.

Na die aankondiging wat verlede Vrydag deur die Ministers van Finansies van hierdie groep lande uitgereik is, is dit nou bekend waarop finaal besluit is. In hoofsaak kom dit daarop neer dat na 'n aanvanklike revaluasie van die Duitse mark van 3 persent, die EEG-lande, uitgesonderd die Verenigde Koninkryk, Ierland en Italië, hulle geldeenhede binne enge marges aan mekaar gaan bly vaskoppel en gesamentlik teenoor die V.S.A. dollar gaan sweef. Die pond sterling en die Italiaanse lira sal voorlopig op hul eie bly sweef. Ook sal die Japanese jen, die Switserse frank en die Kanadese dollar met hul afsonderlike swewings voortgaan.

In die huidige onsekere klimaat is dit nog nie duidelik hoe al die swewende geldeenhede en spesifiek die saamgebonde EEG-geldeenhede in die valutamarkte sal vaar nie. Uit die verklaring van verlede Vrydag blyk dit egter duidelik dat al die deelnemende lande die wisselkoerse wat onlangs tot stand gekom het as min of meer korrek beskou en dat hulle dus nie in die voorsienbare toekoms groot veranderings daarin verwag nie. Die hoofdoel van die nuwe gesamentlike swewing is dan ook om hierdie wisselkoerse teen spekulasie te beskerm eerder as om heeltemal nuwé vlakke te probeer vind. Om hierdie rede is ooreengekom dat die betrokke lande op eie inisiatief deur inmenging in hulle valutamarkte tot die bestendiging van die situasie sal bydra en dat die Verenigde State self, met behulp van trekkings ingevolge uitgebreide "ruiloorreënkoms", die dollar in die valutamarkte sal help ondersteun.

In die lig van al hierdie verwickelinge moes die Suid-Afrikaanse owerhede weer eens die posisie van die rand deeglik in oënskou neem. Na versigtige oorweging, en na die gebruiklike oorleg met Botswana, Lesotho en Swaziland, is besluit om die bestaande pari-waarde van die rand in terme van goud te handhaaf. Ook sal die Reserwebank vanaf môre, Maandag 19 Maart 1973, weer bereid wees om koop- en verkooptransaksies in V.S.A. dollars aan te gaan teen dieselfde koers as wat hy voor die opskorting van sy valutatransaksies op 2 Maart gekwoteer het.

Danksy Suid-Afrika se besonder gunstige betalingsbalansposisie en -vooruitsigte, waartoe die Regering

se wisselkoersbeleid van 1971 en 1972 'n belangrike bydrae gelewer het, is die rand tans in 'n sterk posisie. Ook bly die finansiële en algemene ekonomiese klimaat steeds bevorderlik vir vinniger groei, en is daar toeneemende bewyse dat 'n sake-oplewing reeds aan die gang is.

In hierdie omstandighede is daar vanselfsprekend geen sprake van 'n devaluasie van die rand in terme van goud as doelbewuste instrument van ekonomiese beleid nie. Aan die ander kant sou 'n verdere betekenisvolle appresiasie van die buitewaarde van die rand ook nie in hierdie stadium wenslik wees nie. Die Regering se besluit om nie die dollardevaluasie van 12 Februarie na te volg nie het so pas 'n effektiewe appresiasie van die rand van omtrent 11 persent in terme van dollars, omtrent 7 persent in terme van sterling en gemiddeld sowat 4 persent teenoor alle buitelandse geldeenhede meegebring. Gesien die groot verbetering in ons betalingsbalans- en reserweposisie en die noodsaak om inflasie te beteuel, is hierdie 'n gewenste resultaat. Gegewe die huidige internasionale wisselkoerssituasie, sou 'n verdere betekenisvolle appresiasie van die rand kort op die hakke van hierdie een egter sowel die lopende as die kapitaalrekening van die betalingsbalans nadelig kon beïnvloed. Dit sou ook nie bydra tot die bevordering van uitvoere en gesonde invoervervanging nie en dus ook nie tot die bereiking van 'n vinniger reële groeikoers nie. Dit sou die mededingende vermoë van ons nywerhede in sowel die plaaslike mark as in die buiteland nadelig kon beïnvloed en 'n vermindering of kleiner toename in die randinkomste van talle uitvoerders van minerale en landbouprodukte, asook van die goudmyne, meebring. Verder sou dit die staatsinkomste nadelig tref en die algemene finansiële klimaat en rentekoerssituasie minder bevorderlik vir groei maak.

Die besluit om die bestaande goudpariteit en amp telike dollarkoerse te handhaaf, verseker natuurlik nie dat die rand geen gemiddelde depresiasie of appresiasie in terme van ander geldeenhede sal ondergaan nie. Indien die EEG-geldeenhede wat gesamentlik gaan sweef 'n betekenisvolle opwaartse beweging teenoor die dollar sou toon, sal daar waarskynlik 'n gemiddelde depresiasie van die rand plaasvind. Soos reeds genoem, is die huidige aanduidings egter dat die saamswewende EEG-geldeenhede slegs matig, indien wel, sal appresieer en dat enige gemiddelde depresiasie wat die rand hierdeur mag ondergaan dus betreklik klein sal wees. Baie hang natuurlik ook van die gedrag van sterling af en of hy hom later by die gesamentlike swewing gaan aansluit of nie. 'n Verdere sterling-depresiasie mag, byvoorbeeld, enige gemiddelde depresiasie van die rand teenwerk of selfs in 'n klein appresiasie omskep.

Die verwickelinge op hierdie terrein sal dus die voortdurende aandag van die owerhede geniet. Indien die nuwe EEG monetêre reëlins 'n meer permanente beslag verkry en tot alle lede uitgebrei word, mag dit in

'n later stadium wenslik wees om die rand nouer by die EEG-blok aan te sluit. En indien die saamswewende EEG-geldeenhede in die tussentyd meer sou appresieer as wat tans algemeen verwag word, kan die owerhede altyd besluit om die Reserwebank se koop- en verkoopkoerse vir die dollar aan te pas om 'n verdere appresiasie van die rand teenoor die dollar en sterling te bewerkstellig. Vir die huidige sal die bestaande wisselkoersbeleid egter voortgesit word.

'n Permanente oplossing vir die huidige internasionale monetêre vraagstukke is duidelik nog nie gevind nie. Die verklaring wat Vrydag in Parys uitgereik is bevestig dat die nuwe reëlins tydelik van aard sal wees en dat die taak van die Komitee van Twintig Goewerneurs van die Internasionale Monetêre Fonds om die hervorming van die internasionale monetêre stelsel te ondersoek, nou dringender as ooit geword het.

Hierdie hervormingsproses sal nie bevredigend afgehandel kan word alvorens daar nie klaarheid gekom het oor die monetêre rol van goud nie. Dit is ironies dat die jongste skommeling in die private markprys van goud in sekere kringe as 'n teken van goud se onstabiliteit as monetêre bate beskou word. In werklikheid weerspieël hierdie skommeling hoofsaaklik die huidige onstabiliteit van geldeenhede. As goud nie toegelaat word om sy regmatige funksie in die internasionale geldstelsel te vervul nie, kan blywende stabiliteit op hierdie gebied nie verkry word nie.